# Moet Nie Vergeet Wat God Al Gedoen Het Nie






**2020-05-03**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

# Inleiding

- Soms vergeet ons wat God alreeds vir ons gedoen het.
- Hoe Hy ons deurgedra het.
- Dink aan al die voorbeelde uit die Woord wat vir ons gegee is.
- Besef vandag Hy is nog dieselfde en kan nie verander nie.

Ps 89:35 Ek sal my verbond nie ontheilig nie, en wat oor my lippe gegaan het, sal Ek nie verander nie.

# Skrifgedeeltes

- Markus 6:34-44
- Markus 8:1-9
- Jes 63:7-14

# 1. Eerste vermeerdering van die brode en visse

- Markus 6:34-44
- Jesus vermeerder die 5 brode en 2 visse.
- Hy doen 'n wonderwerk.
- Voed 5'000 man.
- Tel na die tyd 12 mandjies op.





# 2. Vorige wonderwerke

- Voor hierdie gebeurtenis het Jesus reeds so baie wonderwerke gedoen.
- Genesings (verlam, melaatsheid, die man met die verdorde hand), onreine gees uitgedryf, die storm stilgemaak, Jairus se dogter uit die dood opgewek
- Die dissipels is bekommerd oor waar hulle voedsel gaan kry vir die skare.
- Maar hulle vergeet wat hulle Jesus reeds sien doen het.

# 3. Ons moet nou gee wat ons het

- Jesus verwag Sy dissipels moet die mense iets gee om te eet.

Mar 6:37  Maar Hy antwoord en sê vir hulle: Gee julle aan hulle iets om te eet.

- Hy sal die wonderwerk doen.
- Die wêreld is honger en soek antwoorde... Gee vir hulle iets om te eet.
- Bring Jesus na hulle toe.  Dit is nou geleentheid.

# 4. Verdere wonderwerke

- **Na hierdie gebeurtenis gaan Jesus aan met wonderwerke.**
- **Hy loop op die water, Hy maak gesond (genees ‘n dowe onder andere).**

# 5. Tweede vermeerdering van die brode en vissies

- Markus 8:1-9
- Weer ‘n keer is daar ‘n skare wat gevoed moet word.
- Die dissipels vergeet wat Jesus voorheen gedoen het. Mens sou dink hulle sou onthou wat Jesus reeds gedoen het.

Mar 8:4 En sy dissipels antwoord Hom: Waarvandaan sal ‘n mens hulle hier in die woestyn kan versadig met brood?

- Dink terug aan wat die Here al vir jou gedoen het. Hoe gou vergeet ons nie...

# 6. Herinner die Here aan Sy beloftes

Jes 62:6 o Jerusalem, Ek het wagte op jou mure uitgesit wat gedurigdeur die hele dag en die hele nag nie sal swyg nie. o **Julle wat die HERE herinner aan sy beloftes—moenie rus nie**

# 7. Herinner jouself

- Onthou God se dade

  Ps 78:7  en hulle vertroue op God kan stel **en die dade van God nie vergeet nie**, maar sy gebooie kan bewaar,

- Jesus was die grootste belofte wat vir ons gestuur is.  God het deurgekom vir ons.

  Jes 9:6 Want ‘n Kind is vir ons gebore, ‘n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God, Ewige Vader, Vredevors—

# 8. Prys die Here vir Sy dade

Jes 63:7 Ek sal die goedertierenhede van die HERE **prys**, die **roemryke dade** van die HERE, ooreenkomstig alles wat die HERE aan ons **bewys** het, en die veelvuldige **goedheid** jeens die huis van Israel wat Hy aan hulle bewys het, na sy **barmhartighede** en na die **grootheid** van sy **goedertierenhede**.



# 8. God hier en nou

Jes 63:11 Toe het sy volk gedink aan die dae van die ou tyd, van Moses: Waar is Hy wat hulle uit die see laat optrek het saam met die **herder** van sy kudde? Waar is Hy wat **sy Heilige Gees** in hulle midde gegee het?

- Ons Herder is nog steeds by ons.
- Die Heilige Gees is nou

  by ons en in ons.



# 8. God se Naam

- Jes 63:12  Wat sy heerlike arm laat trek het aan die regterhand van Moses; wat die waters voor hulle uit gekloof het, om vir Hom ‘n ewige **Naam** te maak?
- God se Naam is vir ewig gemaak.
- Hy sal ook Sy Naam gestand doen.
- Sy Naam is bo elke ander Naam.
- Elke knie sal sal buig voor Hom.

**Fil 2:9-11**

# 9. Hy sal jou nie laat struikel nie

- Jes 63:13 Wat hulle deur die watervloede laat trek het soos ‘n perd deur die woestyn, sonder om te **struikel**?
- Watter vloed ookal voor jou lê.
- Jy sal nie net deurtrek nie, maar ook nie struikel nie!



# 10. God hier en nou

- Jes 63:14 Soos vee wat aftrek in die laagte, het die Gees van die HERE hulle na die rus gelei. Só het U u volk gelei, om vir U ‘n heerlike Naam te maak.
- Die Heilge Gees sal ons lei.
- Hy gee vir jou rus
- Sy Naam sal verheerlik word.

# Afsluiting

- Hoe gou vergeet ons nie wat die Here vir ons gedoen het nie?
- Dink terug aan die brood en vissies in jou lewe.
- Behou jou hoop.
- Bo alles, onthou die graf is leeg!

**JESUS LEEF**

Fil 1:6 omdat ek juis hierop vertrou, dat Hy wat 'n goeie werk in julle begin het, dit sal voleindig tot op die dag van Jesus Christus;